# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**JUNIE 2018**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 50**

**TYD: 1 ½ UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1 Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE afdelings** :

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A** | **: Lang transaksionele teks** | **(30)** |
| **AFDELING B** | **: Kort transaksionele teks** | **(20)** |

2 Skryf in die taal wat geassesseer word.

3 Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4 Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5 Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

6 Beplan jou tyd só: **AFDELING A: 60 minute**
**AFDELING B: 30 minute**

7 Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.

8 Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

9 Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

10 Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11 Skryf netjies en leesbaar.

12 Vul jou buiteblad volledig in.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A:** **LANG TRANSAKSIONELE TEKS**
**VRAAG 1 :**

**Instruksies:**

- Jy moet **120 tot 150** woorde skryf.
- Wys jou beplanning (**kopkaart, beplanning en finale poging**).
- Skryf die **getal woorde** onderaan die stuk neer.

**'n Vriendskaplike Brief**





1.1. Jy is nou in graad 8. Jy en jou maat gaan na verskillende (different) hoèrskole. Skryf nou 'n brief aan jou maat waarin jy hom/haar van die **jou nuwe skool vertel.** Vertel van die nuwe dinge wat by jou nuwe skool gebeur soos byvoorbeeld tegnologie, sport en ander kulturele aktiwiteite. Vertel ook van die dinge wat jou skool so spesiaal maak. **[30]**

**OF**

1.2. Jy het 'n gesinsvakansie om na Mauritius toe te gaan, gewen. Dit was die vakansie van 'n leeftyd!

Die prys het die volgende ingesluit:

Jou hotel was so naby aan die strand, jy kon soontoe loop. Jy kon aan al die fasiliteite soos bv. branderplankry, skubaduik ,kanovaart, vlugbal, visvang en haaihokduik deelneem. Boonop kon jy al die heerlike kosse/ seekosse op die spyskaart (menu) geniet. Skryf 'n brief aan jou maat waarin jy hom/ haar van jou ongelooflike (unbelievable) vakansie vertel.





**[30]**

**Subtotaal vir Afdeling A :[30]**

**AFDELING B:** **KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

**Instruksies:**

- Jy moet **80 - 100** woorde skryf
- Wys jou beplanning **( kopkaart, beplanning en finale poging**).
- Skryf die **getal woorde** onderaan die stuk neer.

**‘n Dagboekinskrywing**

2.1. Dit is jou **eerste jaar op hoërskool**.

Skryf in jou dagboek oor hoe jy jou hoërskool geniet, jou eerste dag, jou gunsteling skoolvak, sport of stokperdjie, die nuwe dinge wat jy geleer het en hoe al hierdie dinge jou lewe verander het.





**[20]**

**OF**

2.2. Jou klas het die dag op ‘n uitstappie (excursion) gegaan. Skryf nou in jou dagboek van jou uitstappie. Vertel waarheen julle gegaan het, watter pret dinge julle gedoen het, 8saam met wie julle gegaan het, hoe die dag verloop het en hoe jy oor die dag gevoel het.








**[20]**

**Subtotaal vir Afdeling B :[20]**

**Groottotaal : [50]**